

Ontmoeting 9

Abraham en die besoekers

Niks is vir God onmoontlik nie

Ons beleef saam met Abraham en Sara dat God sy belofte om vir hulle 'n seun te gee, nakom.

Teks: Gen 18

Hulpmiddels: Sandboks

- Die karakters: Abraham; Sara; werker; 3 besoekers; klein Isak
- 'n Tent
- Takkies vir bome
- 'n Paar beeste en skape sal ook oulik lyk
- Toiletrolletjies, lap, gom, karton, ekstra sand, ou gordyne en komberse vir die werskaf-aktiwiteite



WELKOM

Die leidsters heet die kinders welkom met 'n handdruk en 'n groet: "Ons is so bly jy's hier. Wees welkom." (*Buig af na kleiner kinders om oogkontak te maak.*)

Vir 'n bietjie bederf: Reël vir leiers (of groter kinders) om eenkant te wag en die kinders te help hande was. Daarvoor is nodig: bakke water, seep, handdoekies en lekker handerूम. (*Ons hoor later hoe gasvry Abraham was.*)

"Praatjies"

Verdeel die kinders in twee groepe as jy 'n klein groep het. (As die groep groter is, verdeel in ouderdomsgroepe en halveer die kleingroepe.) Die een helfte gaan die "teepotte" wees. Hulle staan in 'n ry, een hand op die heup. (Plaas om die beurt 'n hand op die linker- of regterheup. So is daar dan "handvatsels" aan beide kante van die ry.) Die ander deel van die groep staan ook in 'n ry en beweeg in 'n sirkel om die "teepotte" terwyl musiek speel (enige musiek). Sodra die musiek stop, haak hulle in by die naaste kind in die ry. Die leier vra 'n vraag wat elkeen met sy ingehaakte maatjie moet bespreek, bv. "Watter kleur is jou kamergordyne?" of "Wat het jy vir ontbyt geëet?" Sodra die musiek begin, word die beweging herhaal. Herhaal so drie maal met verskillende vrae.

Sing: "Jy is welkom hier" ("It's a welcome here")



WYDING

Temalied: "Nothing's too big" (<https://www.youtube.com/watch?v=8bsEggn344>)

Stilword-ritueel:

Kinders lê op die grond en hou mekaar se hande vas. Sê:

"Onthou: God bind ons as medegelowiges aan mekaar vas en ook aan ons aartsvader Abraham. Gee mekaar 'n handdruk om dit te erken en staan op/sit regop."



WOORD

Abraham ontvang besoekers:

(Vryf liggies oor die sand, tel bietjie sand op en laat loop dit deur jou vingers by die verwysing na Gen 13:16.)

Die Here het vir Abraham gesê: “Ek sal jou nageslag so baie maak soos die stof van die aarde. As iemand die stof van die aarde kan tel, sal jou nageslag ook getel kan word. Trek uit jou land uit, weg van jou mense af na die land toe wat ek vir jou sal aanwys.”

Dit was moeilik om te glo, maar omdat die Here so gesê het, het Abraham dit geglo.

(Pak tente, diere, 'n dienskneg, die jong Abraham en Sara op die sand terwyl die vertelling voortgaan.)

Abraham het toe weggetrek. Hy het sy vrou, Sara, en al sy besittings, slawe en vee geneem en weggetrek na Kanaän toe. Hy het rondgetrek tot by die groot bome van Mamre en daar gaan woon.

(Die jong Abraham en Sara gaan in die tent in en die ou Abraham en Sara kom uit.)

Abraham en Sara het oud geword en Sara het nog nie 'n baba gehad nie. Abraham was nou al 99 jaar oud en Sara 89.

(Plaas Sara in die tent en laat Abraham voor in die middel staan. Maak die sand voor Abraham 'n bietjie dikker.)

Die Here het weer aan Abraham verskyn en gesê: “Ek is God die Almagtige. Lewe naby My en wees opreg! Ek sal My verbond met jou sluit en baie, baie mense uit jou laat voortkom.”

Abraham het op sy knieë geval.

(Druk Abraham dieper in die dikker sand.)

God sê toe ook: “Ek gaan vir Sara seën en vir jou 'n seun uit haar gee.”

Abraham het gelag en gedink: “Kan 'n man van amper 100 en 'n vrou van amper 90 'n kind hê?” Dit was moeilik om te glo.

God het weer vir Abraham gesê dat Isak, die seun wat Sara gaan kry, sy erfgenaam gaan wees. Abraham het geglo omdat God dit gesê het.

(Sit Abraham voor sy tent en die besoekers regs voor.)

Terwyl Abraham op die warmste van die dag voor sy tentdeur sit, kyk hy op en sien 3 manne daar naby staan. Hy het na hulle toe gedraf. *(Beweeg Abraham vinnig na die manne.)* “Menere, moet nie verbygaan nie. Laat ek eers water kry dat u u voete kan was. Kom rus hier onder die groot bome. Ek sal ook vir u kos gee.”

Hulle het gesê dis reg.

(Plaas hulle voor Abraham se tent.)

Sara was in die tent en Abraham het gevra: “Knie vir ons 16kg meel en bak roosterkoeke vir ons gaste.” Hy draf toe na die beeste en vra dat die slaaf 'n kalf se vleis sal voorberei. Abraham het gesorg dat die mans vleis, roosterkoek, botter en melk kry om te eet.

“Waar is jou vrou?” vra hulle. “Hier in die tent,” antwoord Abraham. Toe sê een: “Ek sal volgende jaar weer hierheen kom en dan sal Sara 'n seun hê.”

(Skuif vir Sara in die tentopening.)

Sara het staan en afluister. Sy lag en dink: “Ons twee is heeltmal te oud om 'n kind te hê.”

Die Here vra toe vir Abraham: “Hoekom lag Sara? Is iets te moeilik vir die Here?”

Sara het geskrik. Dit was moeilik om te glo.

Die manne het weggegaan en Abraham het geweet dat dit engele was wat hom besoek het.

Abraham het weggetrek van Mamre af. *(Neem die bome weg.)*

'n Jaar later is Isak gebore. *(Sit klein Isak by Abraham en Sara.)*

Om te glo, is moeilik, maar niks is vir die Here onmoontlik nie.

(Tel weer 'n handvol sand op en laat dit saggies val.)

Alles wat die Here belowe het, het waar geword. Abraham se nageslag is vandag so baie soos die stof van die aarde.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat was vir julle mooi in die verhaal.
2. Ek wonder hoe sal julle vreemde besoekers ontvang.
3. Ek wonder wat doen die Here spesiaal vir jou.



WERSKAF

- ♦ Verskaf die nodige materiaal soos oorskietlap, toilettrolle, gom, ens. sodat die kinders hul eie poppies kan maak. Hulle kan die storie in die sand uitspeel.
- ♦ Gee vir elke kind 'n stuk karton en laat hulle hul naam met gom daarop skryf. Laat hulle dan sand daaroor strooi. Verduidelik dat dit aansluit by Gen.13:16, bedoelende ons is almal deur geloof deel van Abraham se nageslag.
- ♦ Ou gordyne of komberse kan ook gebruik word sodat die kinders in groepies hul eie tente kan bou.
- ♦ Verskaf die patroon (op bl.8) en laat die kinders hul eie tent maak uit karton. Knip op die soliede lyn en vou op die stippellyne. Die tent se onderkant is die "heel onderste flap". Die ander "onderste flap" word daarop geplak om die tent te vorm.

Sluit af met die seënbede.



Kinders kan tente bou om die storie uit te speel.



Voorbeeld van 'n tent uit "Bible fun for kids" (internet)

PATROON

VIR

TENT

